

iKonekt₄



**geselsprogramme
vir tienergroepe**



**KYK SAAM
SOEK SAAM
GENIET SAAM**

Susan Fourie

iKonekt

Reeks 3

Elke pakket sluit die volgende in:

- ★ 'n Boek (die Leiersgids)
- ★ 'n CD met...
 - Twintig in-die-kol gesprekstukke
 - 'n Aangename PowerPoint aanbieding met Wenke wat Werk as motivering vir aanbieders

Hierdie inligtingstuk bevat die volgende in volgorde:

LEIERSGIDS: grepe uit die inleiding

- So Konekt ons (inhoudsopgawe)
- Kyk na die metode (beginsels van aanbieding)
- Kyk na iKonekt 4


VOORBEELDLES : "Soek jy 'n oor"

- Aanvangsaktiwiteit (Rollespel)
- Gesprekstuk
- Riglyne vir die aanbieding

So Konekt ons


Kyk-ervarings

- Kyk na die Tiener ... 3
- Kyk na die Bybel ... 4
- Kyk na die Metode ... 5
- Kyk na die Prinsiep ... 6
- Kyk na die Mentor ... 7
- Kyk na die Program ... 8
- Kyk na iKonekt 4 ... 9



iKonekt-sessies

	Tema/inhoud	Uit die Woord
1	Wat soek jy ... 10	Inleidend en kenmekaar
2	Soek jy iets... 12	Soeke na die lewe Joh 10
3	Soek jy 'n oor... 14	Luister na die Lewe Joh 9, 10, 26
4	Soek jy kennis... 16	Kennis van die Lewe Joh 10, 17
5	Soek jy water ... 18	Die water van die lewe Joh 3, 4
6	Soek jy die waarheid... 20	Die Waarheid bring lewe Joh 8; 1 Kor 2
7	Soek jy lewe ... 22	Een pad na die lewe Joh 3, 5, 11
8	Soek jy jou doel op aarde... 24	Geloofsvrugte Joh 15
9	Soek jy 'n voorskrif... 26	Geloofsvisie en -missie Mark 10
10	Soek jy geluk... 28	Geloofsverantwoordelikheid Matt 25
11	Soek jy vryheid... 30	Geloofskeuses Luk 15
12	Soek jy jouself... 32	Geloofsoffer Rom 12
13	Soek jy gerief ... 34	Geloofsvolharding Matt 5
14	Soek jy die pad ... 36	Geloofsdissipline 1 Tim 6
15	Soek jy hulp van buite ... 38	Geloofsoorgawe Luk 8
16	Soek jy 'n bewys ... 40	Geloofsgewoontes Jak 2; Gal 5
17	Soek jy 'n ander menu ... 42	Geloofsbediening Han 10; Fil 2
18	Soek jy koffie ... 44	Geloofsgetuies Fil 2
19	Soek jy binne-vrede ... 46	Geloofsgedagtes Fil 4
20	Soek jy nog iets ... 48	Geloofstoets



Kyk na die METODE

If we do not use effective methods,
they will not learn what we think we're teaching.

~ Sam Doherty, CEF ~

Adolescente wil ondersoek en ontdek.
Hulle soek uitdagings; wil nuwe dinge doen.

As sosiale wesens wil
hulle chat&share.

Terugvoer:
Aanbieder fasiliteer.
Riglyne in die boek is
om die gesprek te lei;
dis nie die "antwoord".

Groepsbesprekings:
Aanbieder is "buite". Hulle
suffer self met die oplossings.
So is daar meer eerlikheid en
openheid; individue voel veilig
in die groep en voel vry om
eie menings te lug.

**Koffie so af en
toe is grOOt!**



**Hulle ervaar: Hy gee soveel vir
ons om dat ons behoeftes vir
hom belangrik is. Hy hou van
ons geselskap. Hy's nice!**



Human beings are learning creatures.
People learn all the time and in different
ways. Rather than trying to "teach" teen-
agers, we support their basic human
drive to learn and grow by **experience**.

(NST learning experience: www.northstarteens.org)

By iKonekt leer ons om
in te zoom op die Woord.
Lekker om te sien hoe
die lig vir ouens opgaan.
Ek SOEK nou my Bybel!



Kyk na iKonekt 4

Wat soek jy?

Tienertyd is droomtyd.

Vandag se keuses sal bepaal of môre se drome gaan realiseer – en of dit in die grond gaan verdwyn...

Soek jy...

So begin die tema van elke program. Elkeen word begelei om dit wat hy soek, self te vind – saam met die ander wat aan dieselfde soektog deelneem.

Ten diepste soek hulle na die waarheid

Die waarheid is nie altyd maklik herkenbaar nie. Dikwels is dit 'n kombens wat om die leuen gedraai word, of die soet stropie oor die bitter slangbredie. Juis hierdie subtiele misleiding word in die programme ontmasker – op so 'n manier dat hulle self ontdek en self verder soek. En self dink.

Education is not the learning of facts.

It's rather the **training of the mind to think**. [Albert Einstein]

Jy gaan niemand se waardes verander deur sy mond toe te plak nie

Tieners moet toegelaat word om dinge deur te praat – terwyl hulle met 'n sagte hand gelei word. As hulle net aan hulleself oorgelaat word, kan hulle verbrand sonder dat hulle ooit die vuur gesien het.

iKonekt 4 skep die geleentheid vir almal om – in 'n atmosfeer van aanvaarding en begrip – te sê hoe hulle regtig voel en om te vra wat hulle regtig pla.

Verrassing, variasie en humor is net so belangrik vir tienerbediening soos WhatsApp vir jou selfoon: dis goedkoop, dit verseker kommunikasie en dit bou verhoudings.

Die UITDAGING [motiveringessie] op die CD is prioriteit #1

Die UITDAGING 'n PowerPoint aanbieding vir aanbieders waarin die metode van iKonekt 4 volledig uiteengesit word. Terselfdertyd skep dit 'n lekker geleentheid vir die aanbieders om saam 'n les te "oefen" en dit sommer net te geniet.

Aanvangsaktiwiteit: Rollespel **Soek jy 'n oor?**

Spelers: Pa, Boet en Anja. [Praat hard en duidelik met gesig na gehoor.]

- Pa [Sit en koerant lees toe Boet inkom.] Ja en toe? Ek dog jy skryf môre Geografie?
- Boet Ek doen Pa. Maar ek vat net eers 'n break. Weet Pa dalk waar die Himalajas is?
- Pa Nee hoe sal ek weet? Seker waar jy hulle laas neergegooi het. Moenie die goed wat jy laat rondlê by my kom soek nie.
- Boet Maar Pa, die Himalajas is nie my goed nie.
- Pa O nie? Dan's dit seker een van daai biker-pel van jou se sweterige skoene. Hy lê mos heeldag hier voor ons TV en krap in ons yskas. Pleks hy doen sy skoolwerk. By the way, hoe lyk jou Geskiedenis punte die kwartaal?
- Boet Nie eintlik hoog nie Pa. Maar hulle het goed gevra waarvan ek absoluut niks geweet het nie. Dis goed wat al eeue voor my geboorte gebeur het, hoe moet ek daarvan weet?
- Pa Nè? Ek sal die hoof moet gaan sien. As hy tog net dié keer na my sal luister. Toe ek hom laas gevra het om die kinders te verbied om selfone skooltoe te vat, het hy hom net aan my afgegee.
- Boet O dis mos net great, dan was dit Pa? Hy't vir die hele skool vertel van die dowwe ou oom wat niks van selfone weet nie. Toe hy glo sy nommer vra, toe gee die oom sy ID kaart.
- Pa Maar hy't nie gesê watse nommer nie. En hoe moet ek weet selfone het nommers?
- Boet Nee, Pa sal niks weet nie, want Pa luister nie. Pa luister nie na my of my suster nie.
- Pa Man, jy weet mos jy praat nou tjol. Natuurlik luister ek, albei my ore is oop. Ek hoor tot jou ma as sy in my beursie krap. Wag, daar hoor ek haar weer. [Loop vinnig uit.]
- Anja [Kom versigtig in.] Haai Boet, is Pa al weg? Ek soek nie double trouble nie; ek en Ma het nou net 'n uitval gehad.
- Boet Vir wat baklei jy en Ma so? Kan julle nie soos grootmense na mekaar begin luister nie?
- Anja Soos grootmense begin luister? Van wanneer af luister grootmense? Boet, jy's ouer as ek. Sê my, hoeveel mense ken jy wat na ander mense luister?
- Boet Moeilik om te sê, Anja. Daar's nogal 'n flippen groot verskil tussen luister en hoor.
- Anja Jip. Enigeen met oop ore kan hoor. Maar om te luister vra dat jy belangstel. Dat jy die ander ou probeer verstaan.
- Boet Ek dink ons almal het juis iemand nodig wat verstaan. Veral party dae as 'n mens oor jousef wonder.
- Anja Dis nuus! Wonder jy ook oor jousef? Ek dog dis net ons girls wat so oulik is. Maar ek wonder ook baie of God van my hou. Ek weet Hy't my lief, maar hou hy van wat ek doen en hoe ek my gedra?
- Boet Dan wonder jy seker ook of Hy na jou luister. Veral as Hy nie happy is met als wat jy doen nie.
- Anja Ja regtig, ek wonder baie of Hy na my luister. Ek luister byvoorbeeld nie graag na mense wat my irriteer nie. Dis maar seker hoekom my ma nie graag na my luister nie. Tjips, hier kom Pa! Kom ons skuif iKonekt toe! [Hulle gaan sit.]

Gesprekstuk **Soek jy 'n oor?**



- 1 Dis vir Boet en Anja baie sleg dat hulle ouers nie na hulle luister nie. Waarom, dink jy, speel luister so 'n groot rol in enige verhouding?
- 2 *The deepest need of the human heart is to be listened to – to be understood* [Steven Covey]. Waarom sukkel so baie mense om te luister? Kies die twee redes wat die meeste voorkom:
 - ¹ Hulle is te veel op hulleself ingestel.
 - ² Hulle stel nie regtig belang nie.
 - ³ Hulle ken nie die een wat praat goed genoeg nie.
 - ⁴ Hulle het nie tyd om met aandag te luister nie.
- 3 Anja is bang God wil nie na haar luister as sy Hom teleurgestel het nie. Probeer uitvind of sy reg is, dan lees jy verder waar ons laas opgehou het: Joh 10:10-11.

Jesus sê Hy't gekom sodat hulle die lewe kan hê. Almal wat asemhaal, het mos reeds lewe. Wat bedoel Hy dan?
- 4 Almal is nie Jesus se skape nie. In vers 26-30 praat Hy juis met die ander groep – 'n paar Jode wat Hom by die tempel in Jerusalem voorgekeer het.
 - a) Die Jode was God se spesiale volk. Hulle het Hom in die tempel in Jerusalem aanbid. Eintlik sou hulle vandag as "goeie kerkmense" beskou word. Maar Jesus beskou hierdie groep nie as sy skape nie. Waarom nie, volgens vers 26?
 - b) Watter drie eienskappe van Jesus se skape lei jy uit vers 26 en 27 af?
 - c) Hierdie skape doen iets wat nie baie mense regkry nie – hulle *luister*. Hoe werk dit:
 - ¹ Jy pas jou program by Jesus se huisreëls aan
 - ² Jy gaan na 'n stil plek om Jesus se stem te hoor
 - ³ Jy lees die Bybel gereeld
 - ⁴ Jy praise & worship gereeld
 - d) 'n Mens moet realisties wees. In die tyd waarin ons lewe sal geen intelligente jongmens kies om volgens die Bybel se outydse reëls te leef nie. Jy sal jou vriende verloor. Buitendien, Jesus het ons lief en Hy wil tog hê ons moet gelukkig wees. [Wat sê jy hiervan?]
- 5 Voor hierdie gebeurtenis het Jesus nog iets oor luister aan 'n paar Jode gesê: Joh 8:47.
 - a) 'n Mens wonder baie keer of jy regtig God se kind is. Hoe kan jy jouself toets, volgens hierdie vers? [Of wat is die verskil tussen 'n kind van God en die res van die mensdom?]
 - b) Die Fariseërs was Jode wat selfs ekstra reëls opgestel het om te verseker dat God se reëls nagekom word. Hulle was dus skepties oor hierdie jongman, Jesus, wat hulle Sabbatreëls verbreek het toe Hy 'n blinde genees het. Hulle konfronteer die man wat genees is: Joh 9:28-31.

Nou kom ons by Anja se probleem. Sy wonder of God na haar luister. Hoe sou jy oor vers 31 voel as jy Anja was?

Riglyne vir hantering van die gesprek

1 Kommunikasie is die eerste vereiste vir 'n verhouding, en luister is die belangrikste deel van kommunikasie. Jy luister nie net met jou ore nie – jy luister ook na iemand se liggaamstaal. Hoe beter jy luister, hoe makliker om die ander persoon te verstaan en te aanvaar.

2 Min mense is goed met luister. No 1 en 2 kan dalk die algemeenste probleme wees. Die oorsaak: egoïsme. No 4 is 'n kenmerk van 'n vinnige lewe. Ons jaag so, dat ons later alleen op die pad is – verby die mense saam met wie ons reis begin het. Wat hou ons dan oor?

3 Bespreking van Joh 10:10-11:

Die woorde van die volgende lied [Liedboek van die Kerk, 464] is so 'n mooi antwoord op die vraag:

*U Seun word mens; in ons gebroke wêreld kom vestig Hy sy koningsheerskappy.
Hy maak weer reg wat sonde hier gebreek het. Hy bring weer hoop en redding – ook vir my.*

4 Bespreking van Joh 10:26-30:

a) Al is hulle deel van God se uitverkore volk, is hierdie mense nie God se kinders deur die geloof in Jesus nie. Uit verse 24-25 is dit duidelik dat hulle nie glo dat Hy die Christus is nie. Hulle glo in God, maar hulle glo nie in sy Seun wat vir hulle die lewe kan gee nie.

b) Hulle *luister*. Hulle *volg* Hom. Hy *ken* hulle [Die Here ken dié wat aan Hom behoort, 2 Tim 2:19].

c) Luister gaan nie net oor hoor nie [die duiwels hoor Hom ook], maar oor hoe ernstig jy Jesus opneem. “As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem” [Joh 14:23]. Al vier moontlikhede is dus belangrik, maar no 1 is #1. Natuurlik moet jy die Bybel gereeld lees om jou Herder se stem te hoor [hoe anders?] maar jy kan ook die Bybel 24/7 lees en net kennis neem.

d) Reëls is nie bedoel om te straf nie, maar om mense te beskerm en om vrede te verseker. Dis juis omdat Jesus ons liefhet dat Hy vir ons reëls op Skrif gestel het. Die eerste is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Dink vir 'n oomblik hoe sou ons wêreld gewees het as almal net hierdie één reël gehoorsaam het! [Vir hoeveel mense sou dit ongelukkig gemaak het?]

Natuurlik sal jy dan sekere vriende verloor. Ongelowiges staan nie regop voor God nie – hulle staan onderstebo. Vir hulle lyk God se kinders dan verkeerd-om. Die vriende wat jy verloor wanneer jy in die regte verhouding tot God staan, is dus van hulle kop af!

5 Bespreking van Joh 8:47 en Joh 9:28-31:

a) Jesus sê: Kinders van God luister na hulle Pa. Johannes bevestig dit in die 1-2-3 vers [1 Joh 2:3]: *As ons die geboorte van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken.*

Being children of God, the presence of the Holy Spirit restrains us so we will not do the things that we please, but the things that please God [Patrick Morley].

b) Volgens hierdie man luister God na mense wat na Hom “luister” [soos in gehoorsaam]. Hier word dus twee groepe teenoor mekaar gestel [antonieme]: sondaars en gehoorsames.

God luister na mense wat na Hom luister en doen wat Hy sê. Vergelyk ook Joh 5 24; Joh 8 31; Rom 2:13.